Luistertoets: Afrikaans Huistaal, Kwartaal 3: Taak 11

Deur: Marike Geyser: HTS John Vorster, Pretoria

Naam:_____

Luister en praat: Luisterbegrip – 2 periodes

Jou onderwyseres gaan die bekende liedjie "Die nostalgie" van Laurika Rauch vir jou twee keer speel en daarna gaan jy vrae oor die liedjie beantwoord.

Luister mooi en maak aantekeninge op die spasie voorsien.

Vrae:

1. Wat moet gehoor word aan die begin van die liedjie? (1)

   _____

2. Wat moet onthou word aan die begin van die liedjie? (1)

   _____

3. Som op wat gedoen moes word nadat die spreker of sangeres fliek toe gevra is. (1)

   _____

4. Wie was die spreker/sangeres se held? (1)

   _____

5. Waar of Vals? Staaf jou antwoord met 'n aanhaling uit die liedjie. Die spreker/sangeres drink nie alkohol nie._____ (1)
6. Waarom word daar 'n glasie geklink op skete en pyn? (1)

   _____

7. Voltooi die volgende sin: "en gee ons oor aan _____ " (1)
8. Wie is die "kleinspan" waarna daar in die liedjie verwys word? (1)

   _____

9. Sou jy vandag se rumoer wou omruil vir 'n outydse toer? (Vandag verruil vir hoe dit 10 jaar terug was?) _____ (1)
10. Was jy al nostalgies? Waaroor was jy nostalgies? (1)

    _____

TOTAAL: 10

Die nostalgie

kom sit styf hier teen my
jou kop agteroor
hoor jy hoe sag val die reën
die dag is verby
nog 'n week nog 'n maand
waar loop die tyd met ons heen?
onthou jy hoe ver moes ons skool toe stap?
en sou jy my fliek toe vra
dan moes ons jou tjor aan die brand kry, ek en jy
my held was elvis, my elvis
my "heartbreak hotel"
toe jy nog vir my met
'n tiekie kon bel
kom ons klink 'n rooi glasie wyn
op ons skete en pyn
en gee ons oor aan die nostalgie
die kiekies is dof

die album vol stof
kyk ... hier bak ma haar beskuit
daar stamp stephanus vir mien in die dam
o hoor jy die wind teen die ruit?
die kindergesiggies, die sterre se liggies
laat jou van voor af onthou
ou vriende is dood
die kleinspan word groot
kyk net waar staan ons nou
koor (2):
draai weer daai "ramblin' rose"-plaat
van nat "the king" cole
en "your cheatin' heart"
en "he'll have to go"
kom ons ruil vandag se rumoer vir 'n outydse toer
en gee ons oor aan die nostalgie
onthou jy die saam besluit
liefde had geen perke
saam veg teen die steiltes uit
hier staan ons nou
sterker en sterker oe

... Laurika Rauch

MEMORANDUM

1. Hoor jy hoe sag val die reën?
2. Onthou jy hoe ver moes ons skool toe stap?
3. Dan moes ons jou tjor aan die brand kry.
4. Elvis
5. Onwaar. "Kom ons klink 'n rooi glasie wyn"
6. Die spreker/sangeres word oud en daarmee kom siektes en pyne.
7. nostalgie
8. Die spreker/sangeres se kinders.
9. Ja, vandag se lewe is te besig. Die lewe was rustiger 10 jaar gelede.
   Nee, vandag se lewe is baie beter met al die tegnologie, ens.
10. Ja, goeie herinnering.
    Nee, geen goeie herinnering.

DEPARTEMENT AFRIKAANS

VRAESTEL-ANALISE volgens Barrett se Taksonomie

VAK: Afrikaans Huistaal		**GRAAD: 8**			
TIPE OPDRAG: Luisterbegrip					
Nommer					
VRAAG NO	**VLAK 1 LETTERLIKE VLAK** Staaf/bewys, Beskryf, Identifiseer, Ken, Noem op, Vergelyk	**VLAK 2 HERORGANISASIE** Som op, Herken verskille, Verstaan, Verduidelik, Verdedig, Veralgemeen, Gee voorbeelde.	**VLAK 3 BEREDENERENDE GEVOLGTREKKING** Toepassing, Vergelyk, Hoofgedagtes, Oorsaak van gevolg, Verduidelik, Afleidings, Trek verbande, Waar of Vals, Voltooi, Probleemoplossing, Visuele + grafiese interpretasie, Meervoudige keuse	**VLAK 4 EVALUERING** Eie mening, Geldig of ongeldig, Analiseer, Stem saam/nie, Staaf mening, Vereen-voudig, Vergelyk, Morele beoordeling, Differensieer, Onderskei.	**VLAK 5 WAARDERING** Bespreek respons, Eie mening, Empatie/nie, Hoe sou jy optree?, Bespreek taalgebruik/ formaat, genre, tipografie, kategoriseer, kombineer. Verduidelik.
1.	1				
2.	1				
3.		1			
4.	1				
5.			1		
6.			1		
7.			1		
8.			1		
9.				1	
10.					1
TOTAAL	**3**	**1**	**4**	**1**	**1**